11.1.5 APPÈL DS PK LOURENS TEEN BESLUIT PARTIKULIERE SINODE OVS/NATAL 22 & 23 NOVEMBER 2005 (Artt 12, 133, 204)

A. Ds PK Lourens stel die Appèl.
B. Dr N Vorster gee toeligting namens die Partikuliere Sinode OVS+Natal.
C. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
D. **Besluit:** Verwys na Appèlkommissie (Kommissie 2).
E. Ds G Opperman rapporteer namens die Appèlkommissie.
F. Geleentheid word gegee vir repliek deur die appellant.
G. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Partikuliere Sinode.
H. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Appèlkommissie.
I. Die afgevaardigdes van die Partikuliere Sinode OVS+Natal neem nie aan die stemming deel nie.

F. APPÈL

1. Besluit waarteen geappelleer word:

"Art 33. Rapport Appèlkommissie 1 (Bylae 25)
Besluit:
Deel B: Aanbeveling goedgekeur"
(Bylae 25)
Rapport van Appèlkommissie 1
B. Rapport oor Appèl teen besluit van Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005
3. Beoordeling van Appèlgrond 1
Beoordeling
Die Klassis het korrek geoordeel op grond van die materie voor hom, dat alhoewel verskeie partye gefouteer het, daar nie genoegsame bewyse gevoer is dat bevind kan word dat in hierdie geval die openbare growwe sonde van indringing in die diens van 'n ander itv KO, artt 79-80 plaasgevind het nie.
Dit blyk uit die stukke en toeligting voor die Kommissie dat hier spanning tussen partye is.
Aanbeveling
Die Appèlgrond slaag nie.
4. Aanbeveling
4.1 Die Appèl slaag nie."

2. Appèlgrond

2.1 *Appèlgrond 1*

Die besluit van die Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 krenk my reg as geroepene van die Here (vgl KO, artt 4,5) binne die bedieningsgebied (grense) van die Gereformeerde Kerke Bloemfontein en Bloemfontein-Oos, deur die orde van kerkgrense waarbinne dienaars arbei (bedieningsgebied) omver te werp as hulle aanvoer dat daar op grond van die materie voor Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 nie genoegsame bewyse aangevoer is om 'n klag in terme van KO, artt 79,80 te laat slaag nie.

Die wese van die Appèl voor Partikuliere Sinode OVS+Natal wat gehandel het oor die definisie wat Klassis Ventersburg 24 Mei, 1 Junie 2005, aan die begrip

'*indringing in diens van 'n ander*' geheg het, is nie beantwoord nie en daarom hang die hele saak in die lug omdat regspraak nie gelewer is nie.

2.2 *Agtergrondskets*

2.2.1 'n Onvergenoeglike situasie ontstaan sedert 2004 in Bloemfontein as die predikant van Ventersburg begin om mense amptelik in Bloemfontein as 'n wyk(e) van die Gereformeerde Kerk Ventersburg te bedien (vergelyk Bylae 1 – Ventersburg 8 Augustus 2004).

2.2.2 Hierna kla ek die dominee en die Kerkraad van Ventersburg aan in terme van KO, artt 79,80 (Bylae 2 – 2 September 2004).

2.2.3 Op 14 Maart 2005 antwoord die Kerkraad die klagskrif dat die klag effektief ongeldig is (Bylae 3 – 14 Maart 2005).

2.2.4 Hierop versoek ek Kerkrade in die ressort van Klassis Ventersburg om 'n spesiale Klassis byeen te roep wat op 24 Mei en 1 Junie 2005 (Bylae 4 – 25 April 2005) vergader het en die besluit waarteen ek na die Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 geappelleer het, geneem het (Bylae 5 – 10 Oktober 2005).

2.3 *Beredenering van Appèlgrond*

2.3.1 In die klag itv KO, artt 79,80 word sekere beweringe gemaak van sonde wat gepleeg is ten opsigte van die klag van '*indringing in diens van 'n ander'*. Die klaers het aanvaar dat die Kerkraad van Ventersburg op grond van die beweringe deur die klaers die klag sou ondersoek, wat nie gebeur het nie, daarom appelleer ek na die spesiale Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 dat hulle dit wel moet ondersoek.

2.3.2 In my Appèl voor Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 voer ek aan dat daar intussen nog addisionele '*bewyse'* van die sonde van '*indringing in diens van 'n ander*' deur die Kerkraad van Ventersburg gelewer is wat die beweringe wat in die klag vervat is, bevestig en dat die Kerkraad van Ventersburg die beweringe volgens KO, artt 79,80 behoort te ondersoek. Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 beredeneer die saak en kom tot die gevolgtrekking dat die beweringe van sonde in terme van KO, artt 79,80 ten opsigte van '*indringing in diens van 'n ander'* nie strook met hul (Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005) definisie van wat hulle verstaan onder die term '*indringing in diens van 'n ander'* nie.

2.3.3 Ek appelleer na die Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 en hulle gee nie uitspraak oor die wese van die Appèl voor hulle ten opsigte van die definisie van Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 oor wat onder '*indringing in diens van 'n ander*' verstaan behoort te word nie, maar voer aan dat daar te min bewyse voor Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 gelewer was. Hiermee mis Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 die geleentheid om regspraak te lewer.

2.3.4.1 Wanneer 'n klag in terme van KO, artt 79,80 gelê word, is alle verwysings na sondes wat gepleeg sou wees tog bloot beweringe, daarom 1 Tim 5:19 se vereiste van getuies. Die beweringe van sondes ten opsigte van '*indringing in diens van 'n ander'* is in die klagskrif sowel as in die Appèl voor Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 gemaak. Nóg voor Klassis Ventersburg 24 Mei, 1 Junie 2005, nóg voor die Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 is die de facto feite in twyfel getrek, maar die Partikuliere Sinode volstaan dat daar nie '*genoegsame bewyse*' aangevoer sou wees nie.

2.3.4.2 Die klaers sou dus kon aanvaar dat die Kerkraad van Ventersburg na die sigwaarde – die prima facie getuienis – van die sondebewerings ondersoek sou instel, wat nie gebeur het nie vandaar die oproep tot die spesiale Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 om te probeer verseker dat dit wel gebeur.

2.3.4.3 Die klaers sou dus ook kon aanvaar dat die reg sy loop sou neem soos die Kerkorde die regsproses aandui van Kerkraad, Classis Contracta, Klassis met Deputate Partikuliere Sinode, ens.

2.3.4.4 Eers hoor die klaers by Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 dat ons bewerings van sonde nie met hul definisie van '*indringing in diens van 'n ander*' strook nie en as ons die definisie voor Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 wil toets, moet ons hoor dat daar nie genoegsame '*bewyse'* gelewer is om iemand aan sonde skuldig te bevind nie ('n saak wat buite die Appèl voor Klassis Ventersburg 24 Mei, 1 Junie 2005 asook buite die mandaat van die Klassis val). Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 lewer nie regspraak op die Appèlgrond ten opsigte van die definisie waarmee Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 gewerk het nie.

2.3.4.5 Na ons opinie lê dit op die weg van die Kerkraad by wie 'n klag ingedien word om na die bewyse te vra, tot dan is alle klagtes bloot beweringe van sondes wat gepleeg is. Die '*toets'* van die sondebewerings en die bewysvoerings vind in die Kerkraad plaas wat aanvanklik die prima-facie getuienis van die klag moet beoordeel om dan as Kerkraad saam met naburige Kerkrade en eventueel in die Klassis saam met Deputate vanweë die Partikuliere Sinode oor die '*bewysvoering'* te handel. (Hierdie saak het nog nie eens voor die Kerkraad gedien dat hulle die prima-facie getuienis geweeg het nie.)

2.3.5 Hierdie Appèl toets (i) die beginsel of 'n predikant (of 'n Kerkraad) elders anders as in die gemeente waarin hy volgens KO, artt 4,5 beroep en bevestig is en KO, art 16 en die Bevestigingsformulier as '*opdrag'* het, '*wyke'* te institueer in die ressort van ander gemeentes en (ii) wanneer sulke optredes aan die beginsel van KO, artt 79,80 van '*indringing in diens van 'n ander'* sou beantwoord.

Ek meen dat hierdie beginsel deur hierdie Sinode vasgelê behoort te word om ongelukkighede te voorkom omdat die implikasie van die besluit van Partikuliere Sinode OVS+Natal 2005 gewoontereg skep wat op sy beurt weer implikasies het vir plaaslike kerkwees en vir die Kerkorde.

J. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Opdrag

Oorweeg die Appèl van ds PK Lourens teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskrenking plaasgevind het.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 *Werkswyse*

2.1.1 Die betrokke Appèlskrif met sy Bylaes is bestudeer.

2.1.2 Die appellant en ds AH Stavast is aangehoor. Di J van Schaik en FM Dreyer het ook met die Kommissie in gesprek getree. Die toeligter van Partikuliere Sinode OVS+Natal was nie teenwoordig nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Historiese agtergrond

3.1 Na die Nasionale Sinode 2003 organiseer 'n groep uit Bloemfonteinse Gereformeerde Kerke hulself omdat hulle nie met besluite van Bloemfonteinse Kerke, begrond op die besluite van 2003, kan saamgaan nie. Hulle doen dit deur oa 'n advertensie op 12 Februarie 2004 in die plaaslike koerant te plaas.

3.2 Op 24 April 2004 word ds AH Stavast in die kombinasie Ventersburg/Hennenman/ Senekal bevestig.

3.3 Hierdie beswaarde lidmate rig 'n versoek tot die Kerkraad van Ventersburg om hulle op een of ander manier kerklik te bedien. Van die lidmate vanuit Bloemfontein voeg hulself deur middel van attestate by die Gereformeerde Kerk Ventersburg.

3.4 Op 22 Julie 2004 kom 'n groep predikante (oa ds PK Lourens) en ander Kerkraadslede by die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord bymekaar. Die bediening van hierdie groep beswaardes (genoem in 3.1) word bespreek.

3.5 Die Kerkraad van Ventersburg rig 'n skrywe op 8 Augustus 2004 aan al die betrokke Gereformeerde Kerke in Bloemfontein waarin hulle die situasie skets en waarin hulle versoek dat daar saamgewerk sal word om die bediening aan hierdie groep mense voort te laat gaan.

3.6 Nadat attestasies ontvang is en hierdie lidmate opgeneem is, het ds AH Stavast begin om hierdie lidmate van Ventersburg in Bloemfontein te bedien deur middel van middageredienste op Sondae op 'n plek binne die gemeentegrense van Bloemfontein-Noord.

3.7 Hieroor kla ds PK Lourens (predikant van die Gereformeerde Kerke Bloemfontein en Bloemfontein-Oos) vir ds AH Stavast by Ventersburg se Kerkraad aan itv KO, artt 79 en 80 "*indringing in die diens van 'n ander*" (Bylae 2).

3.8 Die Gereformeerde Kerk Ventersburg besluit op 14 Maart 2005 dat die klag nie geldig is nie, aangesien (volgens hulle) *geen sonde in die verband gepleeg is nie* (skrywe gerig aan *Ds PK Lourens en andere*).

3.9 Ds Lourens appelleer na die Klassis Ventersburg op grond daarvan dat sy *reg as geroepene van die Here (KO, artt 4,5) binne die bedieningsgebied van die Gereformeerde Kerke Bloemfontein en Bloemfontein-Oos gekrenk word deur die besluit van die Gereformeerde Kerk Ventersburg en ds AH Stavast met hul indringing in* sy en ander Bloemfonteinse predikante *se bedieningsgebied*. Volgens hierdie Appèl staan die oorspronklike klag dat ds AH Stavast *onregmatig, onordelik en selfoorskattend in die diens van* 'n ander ingedring het *en die kerk kom verskeur het* (Bylae 4).

3.10 Klassis Ventersburg (24 Mei en 1 Junie 2005) besluit dat die Appèl nie slaag nie omdat *die appellant nie kan aantoon dat ampsindringing plaasgevind het nie. Die blote bediening van lidmate in 'n ander gebied konstitueer nog nie ampsindringing nie. Ampsindringing (KO, art 80) behels volgens die Kommissie die volgende: Die doelbewuste ingrype in die diens van 'n ander predikant deur lidmate te bedien wat onder die spesifieke predikant se toesig geplaas is sonder dat die skriftelike toestemming deur die betrokke Kerkraad gegee is* (besluit opgeneem in Bylae 5).

3.11 Ds Lourens appelleer na die Partikuliere Sinode OVS+Natal (21 en 22 November 2005) op grond daarvan dat die Klassis besluit weer eens sy reg *as geroepene van die Here (vgl KO, artt 4,5) binne die bedieningsgebied (grense) van die Gereformeerde Kerke Bloemfontein en Bloemfontein-Oos krenk.* Volgens sy Appèlgrond doen hulle dit deur *die orde van kerkgrense waarbinne dienaars arbei (bedieningsgebied) omver te werp en "lidmaatskap" as bedieningsbeginsel voorop te stel.*

Onder dieselfde Appèlgrond maak ds PK Lourens die opmerking dat die besluit van Klassis Ventersburg *die beginsel van (kerk)grense, roeping (KO, artt 4,5) en dienswerk (KO, art 16 en Bevestigingsformulier bedienaars van die Woord) in die plaaslike kerk omver*(werp) (Bylae 5).

3.12 Partikuliere Sinode OVS+Natal (21 en 22 November 2005) laat die Appèl nie slaag nie. Volgens hulle het die Klassis korrek geoordeel. In hulle beoordeling stel hulle dit dat *daar nie genoegsame bewyse gevoer is dat bevind kan word dat in hierdie geval die openbare growwe sonde van indringing in die diens van 'n ander itv KO, artt 79,80 plaasgevind het nie.*

3.13 Hierna volg die appèl van ds PK Lourens na die Nasionale Sinode (2006).

Besluit: Kennis geneem.

4. Die Sinode besluit

4.1 *Eerste Appèlgrond.*

"Die besluit van die Partikuliere Sinode OVS+Natal 22,23 November 2005 krenk my reg as geroepene van die Here (vgl KO, artt 4,5) binne die bedieningsgebied (grense) van die Gereformeerde Kerke Bloemfontein en Bloemfontein-Oos, deur die orde van kerkgrense waarbinne dienaars arbei (bedieningsgebied) omver te werp as hulle aanvoer dat daar op grond van die materie voor Klassis Ventersburg 24 Mei en 1 Junie 2005 nie genoegsame bewyse aangevoer is om 'n klag in terme van KO artt 79,80 te laat slaag nie.

Die wese van die Appèl voor Partikuliere Sinode OVS+Natal wat gehandel het oor die definisie wat Klassis Ventersburg 24 Mei, 1 Junie 2005, aan die begrip 'indringing in diens van 'n ander' geheg het, is nie beantwoord nie en daarom hang die hele saak in die lug omdat regspraak nie gelewer is nie."

4.1.1 <u>Beredenering</u>

4.1.1.1 Die Appèlkommissie is van mening dat ds PK Lourens se enigste Appèlgrond verdeel kan word in twee argumente:

4.1.1.1.1 Partikuliere Sinode OVS+Natal saam met Klassis Ventersburg het sy reg *as geroepene van die Here binne 'n seker bedieningsgebied* gekrenk deurdat hulle <u>nie</u> gevolg gegee het aan sy klag itv KO, artt 79,80 nie.

4.1.1.1.2 Bogenoemde hou verband met die bewering dat Partikuliere Sinode OVS+Natal *die wese van sy Appèl ... nie beantwoord het nie en daarom hang die hele saak in die lug omdat regspraak nie gelewer is nie*. Die wese van sy Appèl handel *oor die definisie wat Klassis Ventersburg 24 Mei, 1 Junie 2005, aan die begrip "indringing in diens van 'n ander" geheg het*.

(Sien ook die *Beredenering van Appèlgrond* 2.3.5 waar aangedui word dat die Appèl sekere beginsels "*toets"*).

4.1.1.2 Partikuliere Sinode OVS+Natal laat die Appèl nie slaag nie. Uit hulle Beoordeling is dit duidelik dat hulle in die klag itv KO, artt 79,80 nie *genoegsame bewyse* gevind het nie.

4.1.1.3 Die verloop en die samehang van gebeure dui nie op ‘n skuldigbevinding op ‘n klag van ‘n growwe openbare sonde nie. Volgens die Appèlkommissie se oordeel is daar nie enige bewys van ‘n doelbewuste kwaadwillige optrede by die optrede van Ventersburg se Kerkraad en predikant nie.

4.1.1.4 Wat 4.1.1.1.2 van die Appèl betref: Die doel van ‘n Appèl is nie om beginsels en kerkregtelike definisies te toets nie. Ander Kerkordelike weë is daarvoor oop. Die Appèlkommissie moet oordeel of die betrokke party(e) se reg gekrenk is (vgl Spoelstra, 1989:200 en Visser, 1999:145: ‘*n Appèl is ‘n regsaak waar daar uitspraak oor beweerde regskrenking gegee moet word*).

Besluit: Kennis geneem.

4.1.2 Bevinding

Geen regskrenking word bewys nie

Besluit: Kennis geneem.

4.1.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanbeveling

Die Appèl slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.